

**20 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 9 en 10 (oAV)  
Fokusgedeelte: 2 Konings 10:31**

### **Die houvas van die sonde**

Jehu word koning van Israel en begin met die uitroei van Agab se geslag. Joram, die koning van Israel en Ahasia die koning van Juda, wat ingetrou het in die familie van Agab, word albei gedood. Isébel sterf 'n wrede dood - presies soos die profeet Elia voorspel het. Die honde het haar vleis op die dorpsgrond van Jisreël geëet. Die sewentig seuns van Agab wat in Samaria, was asook die vertrouelinge en priesters van Agab wat in Jisreël was, is almal doodgemaak. Ook in Samaria het Jehu almal wat een of ander verbintenis met Agab gehad het, laat doodmaak, asook al die profete en dienaars en priesters van Baäl. Die Baäl-tempels is verwoes.

Jehu het sy opdrag om die huis van Agab uit te roei, goed en deeglik uitgevoer, maar hy het nie afgesien van die afgodery nie. Die goue kalwers te Bet-el en Dan is steeds deur Jehu gedien. 'n Mens kan dit byna nie glo nie. Dié man wat uitgekies word om die geslag van Agab uit te roei juis omdat Agab en Isébel die Here verwerp het en afgode gedien het, het volgens vers 31 nie sorgvuldig met sy hele hart in die wet van die Here gewandel nie. Daarom moes die Here hom ook straf.

Die vraag is: dien ons die Here sorgvuldig en met ons hele hart? Mag die Heilige Gees ons daartoe in staat stel, want Christus het self gesê: "Nie elkeen wat sê Here, Here, sal ingaan in die Koninkryk van God nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is."

*Sing: Psalm 2:1*

*Ds PA Smit (Emeritus)*